Tema: Vrees ... Gees ... Fees!
Skriflesing: Johannes 20:19-23

Ons teks begin met die woorde "Daardie Sondagaand ..." Watter aand was dit? Die aand na die opstanding – dit is loshande die belangrikste dag van die christendom – dit was die aand nadat Jesus opgestaan het.

En die dissipels was bang. Hoekom? Onthou julle die Vrydag? Op die Vrydag voor hierdie Sondagaand slaan hulle vir Jesus aan flarde en word Hy gekruisig. Hy sterf en word begrawe. In hulle geheue sou al die beelde wees van die marteling waardeur Jesus is – op die wreedste manier denkbaar word Hy gekruisig.

Ek dink die heel eerste ding wat ons uit ons teks oplet is die woord: Vrees.

A.g.v. hulle vrees sluit hulle hulleself toe. Hoor nou baie mooi – hulle word nie gevange geneem deur iemand nie – hulle sluit hulleself toe.

1. Vrees

✝ Vrees neem mens gevange
✝ Vrees neem beheer oor jou lewe
✝ Vrees steel vreugde en potensiaal

Dalk sit jy nou hier en vereenselwig jouself ten volle met wat vrees ook met jou doen. Ek wil jou uitnooi om saam met my van die mooiste woorde in die Bybel te lees:

Johannes 20:19
19. Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, **het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan** en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!"

Niks keer vir Jesus nie

- nie die mure wat ek en jy om ons bou nie
- nie die patetiese sleuteltjies waarmee ons onsself van die wêreld afsluit nie.
- nie die vrese of vrae of twyfel wat ons het nie.

Ek bid vandag dat Jesus Christus met die magtige teenwoordigheid van sy

HG hier tussen ons sal kom staan en dat jy in al jou vrees en vrae en twyfel deur die Gees van God aangeraak sal word. Dat jy sal beleef dat Jesus ook hier tussen ons kom staan het

Uit ons teks sien ons gebeur daar drie dinge as Jesus tussen ons kom staan:

2. Jesus / Gees

- ✝ Vrede vir julle!
- ✝ Vers 20. Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle (vgl. Jesaja 53:5).
- ✝ Vers 22: Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees!

In die Bybel lees ons 3 maal waar God of Jesus oor of in mense blaas (vgl. Genesis 2:7; Esegiël 37:1-5 en Joh. 20:19-23).

Job 33:4: Die **Gees** van God het my **gemaak** *[skepping]*, die **asem** van die Almagtige het my die **lewe** *[herskepping]* gegee.

3. Fees

- ✝ Vers 20: Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.
- ✝ Vers 21: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."
- ✝ Vers 23: "As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe ... "

2 Timoteus 1:7
God het ons tog nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

Ons is nie net "peacemakers" nie, maar ons is ook "grace givers". Ons is nie net vredemakers nie, maar ons is ook genade verspreiders.

Johannes 20:19-23

- ✝ Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle **bang** was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan ...
- ✝ Die dissipels was **baie bly** toe hulle die Here sien.

Dit is wat ons vandag op Pinkster Sondag gedenk en waaroor ons feesvier. Ons glo dat 'n man, en ons noem Hom Jesus, gesterf het en drie dae later uit die dood opgestaan het. Ons glo dat sy Gees ook ons vrees in 'n fees sal verander.

Jesus het gekom en tussen hulle gaan staan ...
Hy blaas oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees!"

We are the piece in God's plan for His peace.

Struktuur van ons teks:

1. **Vrees**
   - ✝ Vrees neem mens gevange (v 19)
   - ✝ Vrees neem beheer oor jou lewe (v 19)
   - ✝ Vrees steel vreugde en potensiaal (v 19 vs v 20)

2. Jesus het gekom en tussen hulle gaan staan ... (v 19)
   - ✝ Vrede vir julle! (v 19)
   - ✝ Hy wys sy hande – genade (v 20)
   - ✝ Ontvang die Heilige **Gees**! (v 22)

3. **Fees**
   - ✝ Blydskap (v 20)
   - ✝ Gestuurdes (v 21)
   - ✝ Vergifnis (v 23)